Huwelik 09

Gen. 2:21 "Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en **terwyl hy slaap**, het Hy **een van sy ribbebene geneem** en die plek daarvan met vlees toegemaak.
:22 En die HERE God **bou die rib wat Hy van die mens geneem het**, **tot 'n vrou en bring haar na die mens**. (Hier vind die eerste huwelik plaas)
:23 Toe sê die mens: Dit is nou eindelik **been van my gebeente en vlees van my vlees**. Sy sal **mannin** genoem word, want **sy is uit die man geneem**.
:24 Daarom sal **die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef**. En hulle sal **een vlees wees**."

God sê die man en vrou sal **een vlees** wees, tog is daar so baie **geskille** en **verskille** in die huwelik.

Wat is die **heel groot rede** waarom daar so baie probleme in elke huwelik is?

Ek glo nie daar is 'n **man en vrou** op hierdie aarde wat kan sê: "Ons het **nog nooit woorde** gehad nie."

Ons huwelik is **absoluut volmaak**. Ons was nog nooit eers 'n **bietjie dikmond** nie.

Ons het nog nooit oor **enigeiets verskil** nie.

(Indien dit so is, moet dit die **mees gehoorsame man** wees, wat daar nog ooit op hierdie aarde was.)

Nee geliefdes, **ons woon in SA** en nie in die **tuin van Eden** voor die sondeval nie.

Dit is baie duidelik dat Adam en Eva voor die sondeval **geen verskille** gehad het nie.

Adam moes 'n **baie gehoorsame man** gewees het, want toe Eva vir hom sê om te eet het hy geëet sonder om enigsins te **argumenteer** of **terug te praat**.

Die Bybel sê hy het **geneem en geëet**. Hy het geensins **teëgepraat** nie.

Vandag verwag die vrouens dat die mans nog **dieselfde** sal wees. Ons mag nie **argumenteer** nie.

Ons moet net maak **soos liefie sê** en dan is die Kaap Hollands.

Maar nadat Adam en Eva **klaar geëet** het, het die saak so bietjie verander.

Onmiddelik na die sondeval **begin die probleem**.

Adam kom agter Eva het hom **ore aangesit**. Sy het hom gevang met 'n **slap riem**.

En nou is hulle **in die moeilikheid**. Hulle **kruip weg** vir God. Daar het 'n **skeiding** in hulle harte plaasgevind teenoor God.

Iets het **gebeur**… iets **verskrikliks** het gebeur.

Hulle voel nie meer **aangetrokke tot God** nie. Hulle het nie meer **vrymoedigheid** teenoor God nie.

Hulle kan nie meer **openlik voor God staan** nie. Hulle kom agter hulle is **naak**. Hulle **besef** hulle naaktheid.

Inderwaarheid staan hulle nou **naak voor God**. En nie net **liggaamlik** nie, maar ook **geestelik**.

Hulle weet hier het 'n **groot ding** plaasgevind… iets **baie erg** wat hulle nog nooit **voorheen ondervind** het nie, het gebeur.

Adam weet hy is in die **moeilikheid**. Hy **besef** hy is in die moeilikheid.

En wat doen Adam?

Wat is die **heel eerste ding** wat hy doen?

Hy beskuldig vir Eva.

Dit is jou skuld! Eva, **dit is jy**.

Kyk nou net in watse **groot gemors** het jy ons laat beland.

En ons **kinders** en **kleinkinders** en ons **agterkleinkinders** en die **res van ons geslag** tot aan die einde van die aarde. **Almal** is in die moeilikheid.

Eva dit was **jy** ...!!! **Jy is die een**…!!!! Jy is die **probleem** in hierdie huwelik….!!!

As daar net **een ander vrou** op hierdie aarde was, het ek jou sommer **nou dadelik geskei**…

Jy kan bly wees jy is die **enigste vrou** op aarde.

Eva kyk net so ‘n bietjie om jou en **sien wat het jy gedoen**.

Oral **skeur die aarde oop** en daar kom **nuwe plante** te voorskyn wat hulle nog **nooit voorheen** gesien het nie.

Onkruid en **bossies** vul die aarde.

Eva, jy gaan **skoffel**… Nee sê sy, **ek sal nie**… Jy het **saam geëet**… Jy kan maar **self** skoffel.

Konflik in die huwelik.

Wat doen Adam? 6000 Jaar later bou hy ‘**n grassnyer** en hy gee vir Eva een Kersfees…

Uit kom die skeibrief…!

Hulle kan nie verstaan **wat gaan aan** nie.

Die leeu wat netnou nog daar eenkant **gestaan en wei** het, storm op hulle af en wil hulle **verskeur**… Hulle spring in ‘**n boom** in en dan storm die leeu op ‘n **onskuldige bokkie** af en vreet hom op.

So iets het hulle **nog nooit gesien** nie.

Wat sê Adam vir God? ? ?

Here, hierdie **vrou** wat U my gegee het…!

Gen 3:11 “En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?
:12 En die mens antwoord: **Die vrou wat U gegee het om by my te wees**, **sy** het my van die boom gegee, en **ek** het geëet.

:13 Daarop sê die HERE God aan die vrou: **Wat het jy nou gedoen**? En die vrou antwoord: Die **slang** het my bedrieg, en **ek** het geëet."

Adam **beskuldig die vrou** en die vrou **beskuldig die slang** en so word 'n **ketting van argumente** aanmekaar gesit tot **vandag** toe.

Hierdie argument het **nog nooit opgehou** nie.

Waar het dit **alles begin**?

In die **Paradys**? **Nee**!!!

In die hemel… Dit het in die **hemel begin**. Hierdie probleem het in die **hemel** ontstaan… Toe Lucifer teen God **in opstand kom** en homself **bo God** wou verhef.

Jes14:12 "Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!
:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil **opklim in die hemel**, **my troon verhef bo die sterre van God** en **sit op die berg van samekoms** in die uithoeke van die Noorde.
:14 Ek wil klim **bo die hoogtes van die wolke**, my **gelykstel met die Allerhoogste**!
:15 Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!"

Hier is die **oorsprong** van alle probleme.

Die Satan is **bonatuurlik boos** en God het hom **uit die Hemel uitgewerp** op die **aarde**.

En as wraak begin hy met sy **vernietigingswerk** teen die skepping van God.

Hy begin by **die mens**.

Hy saai die saad van **tweedrag** in Adam en Eva se harte.

Dink maar net, indien hy kan verhoed dat hulle **voortplant**. Dan is die **kroon van God se skepping** daarmee heen.

Maak hulle **kwaad vir mekaar**, sodat hulle nie **kan voortplant** nie.

Gen 1:27 "En God het die mens geskape **na sy beeld**; na die beeld van God het Hy hom geskape; **man en vrou** het Hy hulle geskape.
:28 En God het hulle **geseën**, en God het vir hulle gesê: Wees **vrugbaar en vermeerder en vul die aarde**, **onderwerp dit en heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."

God het die mens **na Sy Beeld gekape** en hulle **geseën** en **opdrag gegee** om te **vermeerder** en die **aarde te vul** en om te **heers** oor die skeppig van God.

God stel die mens aan om te **heers** en Lucifer hou nie daarvan nie, **hy wil heers**. Hy wil **in beheer** wees. Hy wil die **koning** van die aarde wees.

Hy wil die **mens uitroei**. Hy wil die mens **verdelg** van die aarde af.

Hy wil verhoed dat hulle **vermeerder**. Maar hy kon dit **nie regkry nie**… Nou gebruik hy '**n ander taktiek**.

God het die mens se **voortplantingsdrang so sterk** gemaak, dat dit al die **geskille** en **konflik** wat daar in die huwelik is oorbrug.

Al saai hy tweedrag in die huwelik **plant die mens nog steeds voort** en vermeerder die mens nog steeds op die aarde.

Wat doen hy nou?

Hy laat **mans met mans** en **vrouens met vrouens** trou.

En nou **lag** hy lekker.

Hy sê: "Nou wil ek sien **hoe plant julle voort**…. Nou wil ek sien hoe **vermeerder julle**…"

Dit is **nie moontlik nie**…

Twee **mans** of twee **vrouens** kan nie voortplant nie. So huwelik --- Indien dit 'n **huwelik genoem** kan word --- Is direk **teen God se opdrag** om te vermeerder en die aarde te vul.

Dit is 'n **belediging** vir God.

Dit sê: "God het nie **geweet wat hy doen** nie."

Dit is alleenlik net die **wil en die doel** van die Satan. Hy wil **God se skepping** hier op die aarde **verhoed** en **verdelg**.

Hierdie dinge gebeur omdat die mense nie die Woord van die Here **ken nie** en hulle ook nie **daaraan steur** nie.

Hos 4:6 "My volk gaan te gronde weens **gebrek aan kennis**…"

En dit bring ons terug by ons vraag:

Wat is die **heel groot rede** waarom daar konflik in die huwelik is?

Geliefdes, die heel groot rede waarom daar **konflik in elke huwelik** is, is omdat **elke mens se hart bonatuurlik boos** is.

In Lukas 11: 29 sê Jesus: "…**Hierdie geslag is boos**…"

Joh 3:19 "En dit is die oordeel: dat die **lig** in die wêreld gekom het, en die mense het die **duisternis liewer gehad as die lig**; want hulle werke was **boos**."

Klink dit vir ons soos **2009**? ? ?

Hoekom **gaan dit sleg** in die huwelik?

Want die mense het die **duisternis liewer gehad** as die lig… En hulle werke is vandag **nog steeds boos**.

Waar het hierdie probleem ontstaan?

In die **tuin van Eden**, toe Adam **gehoorsaam aan Lucifer** gewees het en **ongehoorsaam aan God**.

Die oomblik toe **Eva eet** en sy gee vir Adam en **hy eet**, toe ontstaan daar **konflik in die huwelik**.

Konflik kom nie van ons **menslike tekortkominge** soos om die **kos te brand** of die **motor te stamp** nie,

Nee, dit kom van Adam en Eva se **ongehoorsaamheid aan God** in die tuin van Eden.

Waar lê die probleem?

In die hart van elke mens. Dit is die **sondenatuur van Adam** wat in ons woon.

Die **egbreek** en die **afgodediens** woon in ons harte…. In die hart van **elke mens**… daarom is daar **konflik** in elke huwelik… omdat elke mens se **hart boos** is.

Daar is net een rede waarom daar 'n **rusie en 'n argument** in die huis is. Dit is omdat Adam **ongehoorsaam aan God** gewees het.

En dit het **deurgedring na elke mens**.

Rom 5:12 "Daarom, soos deur **een mens** die sonde in die wêreld ingekom het en **deur die sonde die dood**, en so die dood tot **alle mense deurgedring** het, …"

Wie is die oorsaak van alles? **Lucifer** --- Die **slang** --- Die **duiwel**.

Hy sit agter **elke rusie en argument**.

Ek moet eers die duiwel in **my eie lewe** en in **my eie hart** oorwin en dan kan ek die konflik **in my huwelik** oorwin.

Suster, **jou man** is nie regtig so sleg soos jy gedink het nie.
Broer, **jou vrou** is nie so sleg soos jy gedink het nie.

Die sleg sit in **ons eie harte**. Ons moet dit **daar oorwin**.

Ek vra nou onlangs aan 'n gehoor: "**Waar kom die vrou vandaan**?

En iemand antwoord: "**Uit die hemel uit**."

Hy was **doodreg**… Die vrou kom **uit die hemel uit**… Sy is 'n **gawe van God**… **Pas haar op**. Gee haar **liefde**. **Bederf** haar en wees lief vir haar.

Maar omdat **my eie hart boos** is, daarom dink ek **my vrou is boos** of my man..

Hou op om jou **man of jou vrou** te verander --- Verander jou **hart** --- Verander jou **denke**. Dit is **al** wat moet verander.

Die krisis is nie **in die huwelik** nie, maar in **onsself**… In ons **harte**…

Jak 4:4 "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die **vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie**? Wie dan 'n **vriend van die wêreld** wil wees, **word 'n vyand van God**."

In die heel eerste plek lê die probleem in **ons verhouding met God**… Omdat ons **vriende en vriendinne** van hierdie wêreld wil wees.

Waar moet die herstel aan ons huwelik begin?

Deur ons **verhouding met God** te herstel.

Jesus het gekom om te **herstel** wat ons in **Adam verloor** het.

Rom 5:15 "Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die **misdaad van die één** baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die **een mens, Jesus Christus**, vir baie oorvloedig geword.
:16 En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die **genadegawe** is uit baie misdade tot vryspraak.
:17 Want as ten gevolge van die **misdaad van die één die dood geheers** het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die **genade** en van die **gawe van die geregtigheid** ontvang, in die lewe heers deur die **Één, Jesus Christus**.
:18 Daarom dan, net soos dit deur **een misdaad vir alle mense tot veroordeling** gekom het, so ook is dit deur **een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking** van die lewe.
:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die **een mens baie tot sondaars** gestel is, so sal ook deur die **gehoorsaamheid van die Één** baie tot regverdiges gestel word.
:20 Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;
:21 sodat, soos die **sonde geheers het in die dood**, so ook die **genade kan heers** deur die **geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus**, onse Here."

Dit is die **herstel vir elke mens** wat dit wil aanneem.

Met die sondeval was **Adam ontklee** van die Heerlikheid van God… Daarom sê hy: "**Ek is naak**…"

In Christus word **ons weer beklee** met die Heerlikheid van God.

Gal 3:27 "want julle almal wat **in Christus gedoop** is, het julle **met Christus beklee**."

En dit behels 'n **volkome wedergeboorte**.

Dan besit ons nie meer die **sondenatuur van Adam** nie, maar ons ervaar die **Heerlikheid van God**.

En wanneer dit plaasgevind het, sal ons vind dat die **konflik in die huwelik,** het verdwyn.

Dit is weg… Net soos die **boosheid** wat in ons harte geheers het.

Rom 6: 13 "maar stel julleself **tot beskikking van God** as mense wat uit die **dode lewend** geword het, en julle lede as **werktuie van geregtigheid** in die **diens van God**.
:14 Want die **sonde sal oor julle nie heers nie**; want julle is nie onder die wet nie, maar **onder die genade**."

Wanneer ons hierdie punt bereik het, sal die sonde nie **meer oor ons heers** nie, maar ons sal **meer as oorwinnaars** in Christus Jesus wees.

En dan vind ons daar is **geen probleme** meer in die huwelik nie.

Wie wil God vra om **sy huwelik te herstel** vandag?

Wie wil God vra om **in sy hart te kom woon**?